

17 Julie - LIGGAAM

Skrifgedeelte: Efesiërs 4:7-16

Fokusgedeelte: Efesiërs 4:12

God het aan ons almal 'n genadegawe gegee volgens die mate waarin Christus die gawes uitgedeel het. Daarom sê die Skrif: *“Toe Hy na die hoogte opgevaar het, het Hy krygsgevangenes saamgeneem en gawes aan die mense gegee.”*

God gee aan sy kerk, die liggaam van Christus, gawes. En hierdie gawes wat Hy gegee het, is: apostels, profete, evangeliste, en herders en leraars; in ons taal vandag: die leraar, die ouderlinge en diakens. Hierdie manne word gegee vir 'n spesifieke doel. Ons vind hierdie doel in vers 12. God sê uitdruklik dat sy doel met hulle is om die gelowiges, die verskillende liggaamsdele van die liggaam, toe te rus vir hulle diens en vir die opbou van die liggaam van Christus.

Deur die dienswerk van hierdie gawes sal ons uiteindelik kom tot die werklike eenheid in ons geloof en in ons kennis van die Seun van God.

Op hierdie wyse sal die liggaam van Christus opgroei en volwasse word – so volmaak en volwasse soos Christus. Dan sal ons nie meer soos kinders wees nie, en die verskillende winde van dwaalleer sal ons nie meer soos golwe heen en weer waai nie. Dit is so uiters belangrik, want daar is vandag so baie dwalinge wat die liggaamsdele in beroering bring.

Ons sal dan in liefde by die waarheid van Gods Woord bly, en deur die gawes wat gegee is, in alle opsigte groei na Christus – Hy wat die Hoof is van die liggaam. Uit Hom groei die hele liggaam. En elkeen van die verskillende liggaamsdele pas perfek bymekaar. Daar is nie een wat beter as die ander is nie, of een wat vir die ander kan sê dat hy oorbodig is nie.

Die liggaam van Christus vorm 'n wonderlike eenheid. Elkeen moet sy funksie vervul. Daar kan nie iets wees soos 'n onbetrokke lidmaat nie. Indien die ledemaat nie meer sy doel vervul nie, is dit dood en het dit geen waarde meer vir die liggaam nie. Wanneer elke lidmaat sy funksie getrou vervul, word die liggaam van Christus, die gemeente, opgebou in liefde.

Teol. Student Jaco Schutte